Laerskool Eugene N Marais
Doen jou bes

(014) 743 2237
lenm1910@gmail.com
80 5de straat, Naboomspruit

Boompies Naskoolsentrum

Algemene inligting

Die sentrum bied:

- Volwasse toesig op weeksdae vanaf 13:00 tot 17:00.
- Vir graad 1 tot graad 7.
- Geleentheid vir leerders om aan die normale skoolaktiwiteite deel te neem.
- Toesig en hulp met huiswerk. Ouers bly verantwoordelik vir die finale kontrole.
- Genoegsame tyd vir vrye spel.
- Geen take sal vir leerders gedoen word nie.

Veiligheid

- 'n Daaglikse register word bygehou.
- Leerders word by die klas deur hulle ouers afgehaal.
- Elke leerder moet streng uitgeteken word voor hy/sy mag gaan.
- Geen leerder mag buite op die sypaadjie vir hulle ouers wag nie.
- Leerders mag slegs huis toe loop na skriftelike toestemming deur die ouers verleen is.
- Slegs ouers mag leerders by die naskool afhaal.
- Leerders mag slegs saam met iemand anders vertrek met toestemming van die ouers.
- Afwesighede moet aan die Naskoolsentrum deurgegee word.

Bedryfstye:

- Die sentrum is op alle skooldae vanaf 13:00 – 17:00 oop.
- Wanneer die skool vroeër sluit word reëlings vooraf met die sentrum getref.
- Die sentrum is alle skoolvakansies oop.
- Die sentrum sal in Desember oop wees tot die naaste werksdag aan 16 Desember.
- Die sentrum sal op publieke vakansiedae gesluit wees.

Sentrumfooie

Lw.: Skoolgeld moet betaal wees, alvorens die kind by die sentrum ingeskryf kan word.

	Sentrumfooie
Graad 1-7	R500 per kind per maand

- Geen inskrywingsfooi betaalbaar nie.
- Alle fooie is streng vooruit betaalbaar en wel voor of op die 5de van elke maand.
- Versuiming van betaling sal daartoe lei dat die kind sy plek verbeur.
- Fooie word vir 12 maande van die jaar gehef
- Geen addisionele fooie is vir die vakansies betaalbaar nie.

Kennisgewingstydperk:

- Ouers van leerders wat in die naskoolsentrum ingeskryf is moet een kalendermaand kennis gee alvorens 'n leerder die sentrum verlaat.

Klagte prosedure:

Alle probleme aangaande die naskoolsentrum word direk aan die sentrumhoof gerapporteer. Maralize Watermeyer, 078 339 1384

Met dank

M Gravett
Hoof

M Watermeyer
Sentrum hoof